SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD Date: 16-Nov-2006
Topic: 27 Ref No: 2031
1
ID: 03408226-01 Source Page: 18

# Ons soek groter, 'swarter' stem

## Om teë te praat as staatsmag te uitspattig raak

Beeld-forum

Jonathan Jansen

Daar woed tans 'n stryd rakende watter soort demokrasie Suid-Afrika begeer en waarin die land sal ontwikkel.

Sy dit die geworstel om die presidensiële opvolging, die skandaal oor amptelike houdings rakende vigs of vrae of ons 'n openbare of 'n politieke uitsaaier het – 'n stryd om ons toekoms te definieer onderlê alles.

Dis maklik om in die hier en nou vasgevang te word, tog sal hierdie gebeure – wie hulle voer en die wyse waarop hulle gehanteer word – bepaal of Suid-Afrika na vore sal tree as 'n seldsame voorbeeld van 'n Afrika-demokrasie waar mense, idees en waardes hoër aangeslaan sal word as opswepery, korrupsie en onderdrukking.

Die feit dat 'n minister van gesondheid die gevaarlikste inligting oor vigsbehandeling denkbaar kan smous sonder dat die president haar afdank, stuur 'n verontrustende sein uit rakende die mate waarin gewone mense straffeloos met minagting behandel mag word. Want dis nie soseer haar agterlike idees oor vigs wat die gesondheidsminister so gevaarlik maak nie, maar eerder dat sy toegelaat word om verwarrende boodskappe oor gesondheidsake uit te stuur in 'n land waar sowat 40% van die bevolking funksioneel ongeletterd is en nie die vermoë en inligting het om te onderskei tussen mediese feit en politieke fantasie nie.

Die feit dat die minister steeds haar amp beklee, laat 'n mens wonder of ons toekomstige leiers ooit op grond van persoonlike bevoegdheid verkies sal word, eerder as op grond van politieke begunstiging, rasse-afkoms en persoonlike lojaliteite.

Dat 'n presidentskandidaat buite die hof populistiese sentimente mag opsweep en die president se kantoor mag beklad, behoort diegene wat die vergelykende politiek van derdewêreldse regimes bestudeer, te kwel.

Indien die ANC se adjunkpresident president van die land sou word, sou dit onthutsende seine uitstuur oor die wyse waarop vroue behandel word, openbare welvoeglikheid, seksuele verantwoordelikheid en persoonlike waardes. 'n Geslag jongmense sal 'n presidensiële rolmodel hê wie se openbare gedrag hierdie land se fondamente bedreig. Gesien teen die verwysingsraamwerk van 'n hofbevel rakende sy adjunk se moontlike verbintenis met korrupte persone, het die president korrek opgetree deur sy adjunk af te dank; wat ons almal behoort te bekommer, is dat hierdie besluit so verwoed teengestaan is.

Die feit dat 'n openbare uitsaaier probeer om die vrystelling te smoor van 'n verslag rakende bewerings oor pogings om onafhanklike stemme te swartlys, is 'n aanduiding dat die bevordering van 'n oop samelewing en die publiek se regte onderaan die SAUK-bestuur se agenda is. 'n Senior uitvoerende beampte van die korporasie mag onbeskaamd en sonder vrees vir afdanking skriftelike besware oor nuusitems se partydige aard en kritici se marginalisering verontagsaam. Swart mag dreig om ewe vermetel en arrogant te doen wat wit mag so minagtend gedoen het tydens die apartheidsbewind. Wat hier op die spel is, is nie een of ander onbenulligheid oor die insluiting en erkenning van stemme daar buite nie; wat wel in gevaar gestel word, is een van die platforms van 'n moderne demokrasie – 'n vrye pers wat sonder vrees of begunstiging dit rapporteer wat in die publiek se beste belang is. As ons hierdie kosbare entiteit verloor, bly weinig meer as staatspropaganda oor.

Ons is enersyds ver weg van 'n tirannie. Danksy liggame soos die Treatment Action Campaign, die Freedom of Expression Institute, asook opposisiepartye gaan daar openbare stemme op wat staatsmag se uitspattighede spesifiseer. Maar hierdie stemme is te min en te wit. Sulke kritiese stemme behoort 'n veel breër basis te hê en demografies meer divers te wees indien hulle rasse-populisme se stygende gety effektief wil takel.

Suid-Afrika is andersyds nie uniek nie en verwysings na 'n Bybelse "wonderwerk" wat 'n Noagtipe "reënboognasie" bestuur om ons oorgang mee te beskryf, kan die aandag aflei van die baie reëele, potensiële gevaar dat ons die duisternis kan intuimel.

Ons instellings, soos ons howe en die presidensie, is steeds broos en word tot die uiterste beproef. In hierdie omstandighede is die grootste bedreiging vir ons demokrasie nie weerstand nie, maar wel selfvoldaanheid. Soos 'n vooraanstaande Zimbabwiese digter onlangs opgemerk het: "Mugabe het nie oornag 'n diktator geword nie."

■ *Prof. Jonathan Jansen is dekaan van die fakulteit opvoedkunde by UP.*